ONS GLO

LAERSKOOL RANDHART

Samuelstraat, Randhart, Alberton
✉ 11034, Randhart, 1457
☎ (011) 864-5110/1
🖷(011) 864-1361
e-pos: laerrant@global.co.za
Webblad: www.randhartlaer.co.za

31 Januarie 2023

NUUSBRIEF 2 van 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. *Vanuit die hoof se kantoor*
2. *Vanuit die klaskamer*
3. *Vanuit die sportkantoor*
4. *Vanaf die kultuurverhoog*
5. *Ondersteunersklub nuus*
6. *Algemene sake*
7. *Belangrike datums*
8. *Ten slotte*

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Januariemaand lê alreeds pens-en-pootjies op sy rug. Terwyl die tyd nie stilstaan nie, snel ons ook hier op die Rantieswerf met ’n spoed voort tussen akademie, sport- en kultuuraktiwiteite. Dit is wonderlik om te doen waarvoor ons so lief is, naamlik om ’n positiewe verskil in ons kinders se lewe te maak en om te help dat hulle holisties ontwikkel.

Dit is vir my aangenaam om die volgende, baie bekwame personeellede aan u bekend te stel.
Me. K. Buckland (grondslagfase) asook me. K. van der Schyf, me. C. Barnard en me. I. Müller (intersenfase). Ons verwelkom ook vir mnr. J. Nortjé wat by ons IT-span aangesluit het en mnr. R. van Tonder, nuutaangestelde assistent. Baie welkom by die Ranties en ons is seker dat u vinnig sal aanpas en ook ’n verskil sal maak.
Daar vind tans onderhoude plaas om die vakatures vir die KDA-pos en sportbestuurderpos te vul en ons sal binnekort ’n aankondiging in hierdie verband maak.

Ek wil u graag uitnooi om terug te sit en hierdie nuusbrief te geniet. Dit is propvol nuus en u sal merk dat ons hier by die Ranties oorborrel van energie en daar is beslis nie tyd om verveeld te wees nie!

Me. Marlene Gerber

VANUIT DIE KLASKAMER

Wat 'n voorreg om na 'n luilekkerrustyd weer met hernieude energie en passie 'n mens se roeping uit te leef. Elke dag is 'n geskenk!

Dankie aan elke ouer wat tyd afgestaan het om ons Inligtingsaande by te woon – ingeligte ouers is waardevolle vennote.

Die toetsrooster is reeds gedurende die eerste week van die nuwe skooljaar aan ouers gestuur en afbakenings sal een week voor die toetsdatum aan leerders voorsien word. Ek doen 'n beroep op ouers om toe te sien dat leerders pligsgetrou voorberei, sodat hulle in staat sal wees om met selfvertroue rekenskap te gee van afgehandelde werk.

Hier volg die toetsrooster vir die eerste kwartaal weer vir diegene wat dit weer onder oë wil kry.

Graad 4, 5 en 6	
Vak	**Datum**
Afrikaans	Maandag 13 Februarie
Engels	Vrydag 17 Februarie
Sosiale Wetenskappe: Geografie	Maandag 20 Februarie
Natuurwetenskappe en Tegnologie	Vrydag 24 Februarie
Wiskunde	Maandag 27 Februarie
(Slegs graad 5 en 6) Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis	Vrydag 3 Maart

Graad 7	
Vak	**Datum**
Afrikaans	Maandag 13 Februarie
Engels	Vrydag 17 Februarie
Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis	Maandag 20 Februarie
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Vrydag 24 Februarie
Wiskunde	Maandag 27 Februarie
Natuurwetenskappe	Vrydag 3 Maart

Huiswerk is baie belangrik en het ten doel om bepaalde konsepte in te oefen en/of vas te lê en daarom versoek ek dat u as ouer ook hiermee sal toesien dat u kind toegewyd is.

Indien u kind op akademiese gebied uitdagings ervaar, is u welkom om onmiddellik met die klasonderwyser in die grondslagfase of die vakonderwyser in die intersenfase te skakel. Mnr. De Ru (Departementshoof Opvoedkundige Leiding) kan ook gekontak word, indien u gespesialiseerde hulp van enige aard vir u kind benodig.

My wens vir elke leerder vanjaar:

Sprei jou vlerke en vlieg nog hoër as in 2022.

Me. Ilse Kichenbrand

VANUIT DIE SPORTKANTOOR

Ons glo en vertrou dit gaan ’n aangename en suksesvolle sportjaar wees. Ons sien baie uit na vol pawiljoene en entoesiastiese toeskouers.

Atletiek

Die atletiekseisoen het dadelik afgeskop met uitdunne wat reeds op die eerste skooldag plaasgevind het. Die huissport, wat op 13 Januarie plaasgevind het, was soos altyd ’n reuse sukses met talle leerders wat gewys het dat hulle gereed is om die seisoen, wat voorlê, ten volle aan te pak.

Op 19 Januarie het ons aan ’n groot byeenkoms te Boksburgstadion, wat deur Laerskool Van Dyk aangebied is, deelgeneem. Randhart se atlete het die byeenkoms gedomineer en die byeenkom is maklik gewen met ’n puntetotaal van 696.

Op 25 Januarie het ons aflosatlete aan die Alberton High aflosbyeenkoms deelgeneem. Hier het ons pragtige uitslae behaal naamlik:

Dogterspan – Algehele wenner

Gemengde aflos – Algehele wenner

Aflosspan – Algehele wenner

Wat ’n puik prestasie!

Op 26 Januarie het ons, ons eerste vriendskaplike byeenkoms teen Laerskool Impala tuis aangebied en sommer bietjie ons splintenuwe spreiligte vroegaand getoets. Ook hierdie byeenkoms het ons oortuigend gewen.

Die res van die atletiekkalender sien as volg daaruit:

31 Januarie: Vriendskaplike byeenkoms te Laerskool Kruinsig

3 Februarie: Vriendskaplike byeenkoms tuis teen Laerskool Midvaal, Van Riebeeckpark en Curro

7 Februarie: Vriendskaplike aflosbyeenkoms by die D.P. de Villiers stadion in Sasolburg

14 Februarie: Interlaer – tuisbyeenkoms

18 Februarie: Albertonkampioenskappe – tuisbyeenkoms

Daar is nog heelwat voorbereiding wat voorlê vir die seisoen en ons werk hard daaraan om vir die 17de agtereenvolgende jaar die Interlaer te wen. Baie sterkte aan elke atleet en afrigter!

Tennis

Ons toekomstige junior- en seniortennissterre het reeds ’n paar uitdunne agter die blad om die ranglys vir 2023 te bepaal. Die juniorranglys word bepaal uit graad 1 tot 5-leerders en die seniorranglys uit graad 6 en 7-leerders. Daar sal aan die tennis-ouers gekommunikeer word wanneer verdere wedstryde gaan plaasvind, sodat ons die ranglyste sowel as die Super 12-spanne kan finaliseer. Hierdie wedstryde sal eers weer na afloop van die atletiekseisoen ’n aanvang neem.

Hokkie

Baie geluk aan die volgende seuns wat tot die Oos-Gautengoefengroepe verkies is:

Lucas du Plooy, Conner Roesch, Zavier Pienaar, Ronin Herbst, Ivan Mulder, Milan de Jager en Divan Meyer.

Ruiters

Ons wil graag hierdie jaar ons Ruiters-sportkode uitbrei. Het u geweet dat dit nie noodsaaklik is dat u kind sy/haar eie perd moet hê om aan die Ruiters deel te neem nie? Op Donderdag 23 Februarie sal die Ruiters ’n vertoning by die skool lewer en meer inligting aan die leerders verskaf oor hoe hulle by hierdie sportkode betrokke kan raak.

Baie sterkte aan ons ruiterspan wat reeds op 4 en 5 Februarie aan die eerste kwalifiserende rondes vir die jaar deelneem.

Rugby

Daar sal op **Dinsdag 21 Februarie** om **18:00** 'n algemene rugbyvergadering in die skoolsaal plaasvind waarna die verskillende ouderdomsgroepe afsonderlike met hul afrigters sal vergader om meer gedetailleerde inligting te ontvang. Neem ook kennis dat daar reeds soos volg toere beplan is.
o. 9A en B en o. 10A en B toer na Jubaweni (24 tot 26 Maart)
o. 11A toer na Sportisimo (17 tot 19 Maart)
1ste span neem deel aan die Wildeklawertoernooi in Kimberley (23 tot 26 April)
1ste en 2de span neem deel aan die Noord-Suidtoernooi te Pretoria Boys High (31 Maart tot 4 April)
Toeronkostes sal tydens die rugbyvergadering met u bespreek word.

Netbal

Daar sal op **Donderdag 23 Februarie** om **17:00** 'n algemene netbalvergadering vir die mini-netbal (o. 7 en o. 8) plaasvind en om **17:30** vir die o. 9 tot o. 13 ouderdomsgroepe. Hierna sal die verskillende ouderdomsgroepe afsonderlike met hul afrigters vergader vir meer gedetailleerde inligting oor die seisoen. Daar is ook reeds soos volg toere vir die netbal beplan is.
o. 10A, B, C ; o. 11A, B, C ; o. 12B, C ; o. 13A, B, C toer na Sportisimo (4 tot 6 April)
o. 12A-groep toer na Sun City (17 tot 21 Maart)
o. 13A neem deel aan die Wildeklawertoernooi in Kimberley (23 tot 26 April)
Daar word nog hard gewerk om ook vir ons o. 9-spannetjies die geleentheid te bied om weer te gaan toer en 'n oefenkamp by te woon.
Toeronkostes sal tydens die vergaderings met u bespreek word.

Me. Bonita Mentz

VANAF DIE KULTUURVERHOOG

Ons is opgewonde oor die puik bydrae wat elke leerder gaan lewer en wil elke deelnemer baie sterkte vir 2023 toewens.

Redenaars

Ons het sommer baie uitgsien na ons redenaars wat sommer vroeg met die klasuitdunne afgeskop het. Baie dankie aan elke ouer en leerder wat hard aan die oefen is en die wenke (soos vervat in Oktobermaand 2022 se brief) ter harte geneem het.

Hiermee belangrike datums wat u kan dagboek:

23 – 31 Januarie	Klasuitdunne Twaalf sprekers word per graad gekies. Na afloop van die klasuitdunne sal die sprekers briewe, m.b.t. raakpraat@ranties, ontvang. Hier sal die leerders in graadverband deelneem waarna die top 8-sprekers per graad gekies sal word om by die #prestigepraters in afsonderlike afdelings teen mekaar deel te neem.
6 Februarie	raakpraat@ranties graad 6 en 7-uitdunne in die skoolsaal om 15:00
7 Februarie	raakpraat@ranties graad 2 en 3-uitdunne in die skoolsaal om 15:00
8 Februarie	raakpraat@ranties graad 4 en 5-uitdunne in die skoolsaal om 15:00
10 Februarie	#prestigepraters in die skoolsaal om 16:00.

	Die afsonderlike afdelings gr. 2 en 3; gr. 4 en 5; gr. 6 en 7 neem teen mekaar deel. Wenners en naaswenners word in elke afdeling aangekondig en hulle sal ook tydens die Super 12-redenaars deelneem. Die top 8-redenaars van die graad maak die twee spanne vir die spanredenaars uit.
10 en 11 Maart	Super 12-redenaars te Elarduspark
21 en 22 April	ATKV-Redenaars eerste uitdunronde te Laerskool Concordia. Die 12 sprekers in elke afdeling gr. 2 en 3; gr. 4 en 5; gr. 6 en 7 sal vir die ATKV-individuele redenaars kwalifiseer.
25 April	Spanredenaars begin oefen vir ATKV-DigiSpanpraat
12 Junie	Spanredenaars ATKV-DigiSpanpraat video-opnames vir graad 2 en 3
13 Junie	Spanredenaars ATKV-DigiSpanpraat video-opnames vir graad 4 en 5
14 Junie	Spanredenaars ATKV-DigiSpanpraat video-opnames vir graad 6 en 7

Eksterne geleenthede

Indien u kind nie aan enige van die bogenoemde geleenthede hierdie jaar kan deelneem nie, maar in redenaars belangstel, is u welkom om hul vir die ATKV-DigiPraat in te skryf. Die sluitingsdatum is 1 September. Dit is ’n ATKV-aanlynprojek waaraan u kind buiteskoolverband kan deelneem.
Con Spirito se individuele redenaars sluit op 15 Maart en dié is ook ’n gulde geleentheid om die redenaarskuns te probeer. Dit bied aan u kind ’n geleentheid om selfvertroue te ontwikkel om so ook vir die jaar 2024 se redenaars by die skool te probeer.
Vir enige navrae stuur gerus ’n e-pos aan me. Erasmus by eerasmus@randhartlaer.co.za.

Bybelvasvra

Die Bybelvasvra begin op 16 Februarie om 15:00. Leerders wat belangstel, kan gerus die inligting by me. Van As gaan kry.

Koor

Die kore is volstoom aan die gang met hul eerste oefeninge wat reeds op 16 Januarie afgeskop het!
Die Randrefrein het ook die naweek van 27 tot 29 Januarie op ’n koorkamp te Wag-‘n-Bietjie-kampterrein gegaan en baie waardevolle tyd is aan koorwerke spandeer.
Ons sien vreeslik uit na nog ’n suksesvolle jaar vol sang!

Skaak

Skaakoefening begin op Donderdag 26 Januarie van 14:00 – 15:00. Dit sal in juffrou C. Barnard se klas aangebied word. Juffrou Barnard se klaskamer is op die punt van die heel boonste verdieping van die seniorblok.

Kunsklub

Die uitdunne vir die Kunsklub sal op Donderdag 2 Februarie plaasvind.
Die graad 1 tot 3-leerders gaan ’n ***selfportret*** teken en moet ’n ***HB-potlood, oliepastelle en uitdraaikryte*** saambring. Die graad 4 tot 7-leerders gaan ’n ***stillewe*** teken en sal ’n ***HB-potlood en uitveër*** benodig.

Graad	Tyd	Klas
1	14:00	Me. A. Eekhout (Lapa 2)
2	14:00	Me. C. Crouse (Lapa 1)
3	14:00	Me. A. Wessels (W3)

4 & 5	14:00 – 15:00 of 15:00 – 16:00	Me. R. Kloppers (W8)
6 & 7	14:00 – 15:00 of 15:00 – 16:00	Me. R. Venter (E17)

Leerders moet asseblief stiptelik wees, aangesien hulle slegs een uur kry om die skets te voltooi.

Rantiesnuus

Nuus! Nuus!! Nuus!!!

Daar heers groot opgewondenheid in die nuuskantoor. Op 21 Januarie het die Publikasieraad en Kliekklub hul eerste werkswinkel bygewoon. Hierdie werkswinkel is altyd die hoogtepunt op Rantiesnuus se kalender en soos vorige jare het hierdie werkswinkel ook nie teleurgestel nie. Die gasspreker was die bekende joernalis, Suzanne Paxton van die SAUK, wat ons eie joernaliste geïnspireer het om eendag hul vlerkies te sprei en volwaardige joernaliste te word. Sterkte aan al ons joernaliste en ons weet dat hul nuuskierigheid tot volwaardige, nuuswaardige artikels sal lei.

Voortrekkers 2023

Die Kompas Voortrekkers staan slaggereed om ’n sukses van 2023 te maak.

Dankie aan alle ouers wat die inligtingsaand in die skoolsaal bygewoon het. Op 27 Januarie vanaf 17:00 tot 18:00 sal daar op die skool se rugbyveld ’n prettige afskop vir die jaar wees. Nooi ’n maat!

Vir meer inligting kontak die WhatsApp-nommer by 072 371 7031 of besoek ons Facebookblad by *Randhart Voortrekkers – Kompas Veldkornetskap.*

Me. Maryke Kitching

ONDERSTEUNERSKLUB NUUS

Mag die nuwe jaar vir jou seëninge van liefde, vreugde en voorspoed in oorvloed bring.

Ons skop hierdie eerste nuusbrief af met inligting oor wat die Laerskool Randhart Ondersteunersklub (ROK) vir 2023 beplan. ROK is 'n nie-winsgewende organisasie wat gedryf word deur 'n direksie wat uit ouers van Laerskool Randhart bestaan. Ons pak projekte aan wat bydra tot ons Rantie-gemeenskap en sodoende ook die skoolfasiliteite help verbeter.

Indien u as ouer deel wil word van die ROK moet u slegs op onderstaande skakel kliek en die inligting voltooi. Die sukses van die ROK word uit en uit bepaal deur die betrokkenheid van ons ouers.

https://forms.gle/HrV3PPwDTwiCvBqV6

Hier volg die datums van projekte wat vir 2023 beplan word:

- Algemene jaarvergadering – 7 Februarie
- Kenmekaar Braai – 12 Februarie
- Manne-aand – 16 Maart
- Winterfees – Tentatief 22 Julie
- Gholfdag – 31 Augustus
- Tentedorp – 8 tot 10 September
- Bokfees – September
- Vroue-aand – 21 Oktober

- Fliekaande – Laaste Woensdag van elke kwartaal
- Rolbal: Datum sal nog deurgegee word
- Kleurfees/Somerkarnaval – Datum sal nog deurgegee word

Gaan volg ons gerus op ons Facebook-blad om op hoogte te bly van al die ROK-nuus.

Rugby Cruise 2023

Ons is baie opgewonde om ons wenner vir die 2023 Rugby Cruise na die Portugese Eilande, wat saam met rugbylegendes soos Naas Botha, Victor Matfield en Danie Gerber gaan kuier, aan te kondig.
Baie geluk aan Dirk Burger! Ons wens julle 'n aangename en veilige reis toe.
Baie dankie aan elke ouer wat 'n lootjie gekoop het. Julle ondersteuning word opreg waardeer.

Aanstelling van ROK-administrateur

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat me. Michelle Dirker aangestel is as Laerskool Randhart Ondersteunersklub se nuwe administrateur. Sy sal dien as skakel tussen die skool en Ondersteunersklub en ons sien daarna uit om ’n nog nouer verbintenis met die twee entiteite te bewerkstellig. Ons wens haar alles van die beste toe. U is welkom om Michelle te kontak op info@lrok.co.za of by 072 627 1334 vir enige navrae of informasie met betrekking tot die ROK.

Ons sien uit na 'n baie opwindende en suksesvolle 2023 en glo dat die Randhart Ondersteunersklub sal aanhou groei en van krag-tot-krag gaan.

Mnr. Patrick Moroney

ALGEMENE SAKE

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag.

KDA-klere

Die skool se klerekomitee is in die proses om geringe aanpassings te maak aan die KDA-drag. Die gedagte is om van ’n meer geskikte materiaal vir sport gebruik te maak. Op die oog af sal dit baie soos ons huidige klere lyk. Ons wag vir verskaffers se voorbeelde, sodat die nodige toestemming verkry kan word. Ongelukkig veroorsaak hierdie proses ook dat ons verskaffers minder voorraad van die huidige reeks wil aanhou. Indien u sukkel om KDA-klere te bekom, wil ek u aanmoedig om by die skool se klerebank ’n draai te maak.

KDA-/Sportkouse

In die verlede is bogenoemde kouse deur die skool verkoop. Soos die vraag daarna verhoog het, het ons versoek dat die leweransiers hierdie funksie sal oorneem. Die kouse is daarom nie meer beskikbaar by die skool nie, maar wel by beide Select Centre sowel as Simply School.
Ons versoek ouers verder om te verseker dat u kind met die voorgeskrewe KDA-kortbroek sal skool toe kom en nie met “ski-pants” nie. Die “ski-pants” word onder die KDA-broek gedra. Baie dankie vir u samewerking wat betref die tekkies wat leerders by die KDA-drag dra.

Skoolbaadjies

Ons is tans besig om met ons klereverskaffers te reël, sodat hulle weer skoolbaadjies in voorraad kan kry indien ouers vir hul kinders ‘n skoolbaadjie wil aankoop. Neem kennis dat dit geensins verpligtend is nie en dat u uit eie keuse ’n baadjie aankoop.

Netheid van ons seuns

Ons beweeg saam met die tyd en wil graag ons seuns met meer moderne haarstyle akkommodeer. Let asseblief op die volgende:

- Hare mag nie gekleur word nie. Indien dit wel gedurende die vakansie gedoen is, moet ouers nou toesien dat dit nie meer sigbaar is nie.
- Daar mag nie lyne in hare geskeer word nie.
- Hare mag nie aan die kant van die kop kort geskeer word en dan word die res lank gelos nie. Hierdie haarstyl het in die verlede verwys na ’n “comb over”.
- Indien die kante van die kop geskeer word, mag dit nie korter as ’n nommer 3 wees nie.

Dankie dat ouers ons hiermee ondersteun.

Graad 7-wegbreekkamp

Soos aan gr. 7-ouers deurgegee tydens die inligtingsaand vind ons jaarlikse gr. 7-wegbreekkamp weer plaas vanaf 29 November tot 1 Desember te Mutango Lodge in Pretoria. Hierdie beloof weer om ’n onvergeetlike ondervinding vir ons gr. 7’s te wees. Koste beloop ongeveer R2 100.00 per leerder. Hierdie jaar maak ons voorsiening vir afbetalings ten einde die druk van u eindjaarbegroting te verlig. Alle betalings sal via Karri-App plaasvind en sal binnekort op die Karri-toepassing verskyn.

Interlaer-atletiek: 14 Februarie

Neem asseblief kennis dat die Interlaer op hierdie dag by ons skool sal plaasvind. Daar is reeds toestemming vanaf die Departement ontvang dat leerders nie op hierdie dag skool toe kom nie en hulle sal ook nie gepenaliseer word vir skoolbesoekbywoning nie. U word versoek om asseblief vroegtydig alternatiewe reëlings te tref.

Valentynsverkope en Valentynsokkie

Soos wat die gebruik is, sal die prefekte weer hierdie jaar ’n verskeidenheid artikels te koop aanbied vir Valentynsdag. Verkope sal op 9, 10 en 13 Februarie tydens pouses plaasvind. Daar sal ook op 11 Februarie (tesame met die Kenmekaar-braai) ’n Valentynsokkie van 18:00 tot 21:00 vir graad 3 tot 7-leerders wees. Die koste beloop R20.00 per leerder en kan slegs op die Karri-App betaal word. Om die feesvieringe af te sluit, betaal leerders slegs R10.00 om op Maandag 13 Februarie met gewone klere skool toe te kom (getooi in wit en rooi). Betaling geskied ook via die Karri-toepassing.

Stoorspasie

Tydens COVID is daar ’n groot aantal addisionele stoele en tafels vir die leerders aangekoop wat tans nie gebruik word nie. Dit het ook teweeg gebring dat daar nou ’n tekort aan stoorspasie is. Indien u enigsins oor stoorgeriewe beskik en die skool hiermee kan uithelp, moet u asseblief vir mnr. Venter skakel.

Mnr. Francois Venter

BELANGRIKE DATUMS

Alle belangrike datums is op ons webwerf en D6 Connect-toepassing beskikbaar.

TEN SLOTTE

Ek sluit af met die bekende woorde van Mark Twain: ***"The two most important days of your life are the day you are born and the day you find out why."***

Mag u en u gesin in hierdie jaar weer voluit lééf!

Vriendelike groete

M. Gerber

ME. MARLENE GERBER
SKOOLHOOF

DanceMouse Co.

Syllabus includes:

- Jazz
- Modern
- Hip Hop
- Freestyle
- Acrobatics
- Ballet basics
- Cheerleading
- Contemporary
- Rock 'n Roll

Lesse in die skoolsaal!

Maandae
14:00-14:45

Dancing promotes:

- Fitness
- Rhythm
- Balance
- Strength
- Flexibility
- Creativity
- Confidence
- Coordination
- Stress Relief
- Concentration
- Body awareness
- Memory retention

2023 FOOIE:
Jaarlikse Registrasiefooi – R210
Maandeliks – R300, of
Volle jaar – R3000

REGISTREER HIER

Of volg die skakel hier onder…

REGISTREER AANLYN HIER: https://dancemousealberton.kidsoft.co.za/enroll.asp

MEER INLIGTING: *Carla 0726045359 /* **alberton@dancemouse.co.za**

DANCE MOUSE
Gr.0000-0

Dance Madness®
Gr.1-7

www.dmdanceco.com